

DIE ALGEMENE METODIEKSILLABUS GETOETS AAN DIE
VEREISTES WAT AAN 'n SILLABUS GESTEL WORD

4.1 Inleiding

Die Algemene Metodieksillabus van die P.O.S. bestaan uit vier afdelings, nl. Algemene Metodiek, Skryfbordwerk en Skrif, Hulpmiddels en Demonstrasielesse.¹⁾ Skryfbordwerk en Skrif behoort eintlik 'n afsonderlike vak te wees aangesien dit eerder 'n vaardigheidsvak is. Dieselfde geld van die praktiese vervaardiging van hulpmiddels. Die afdeling oor demonstrasielesse kan eerder tuis hoort by praktiese onderwys. Die evaluering van die Algemene Metodieksillabus is dus beperk tot 'n evaluering van die Algemene Metodiekgedeelte en 'n deel van die Afdeling wat oor Hulpmiddels handel. Na die Inleiding verskyn die volgende opskrif: „Die leerplan sillabus.”²⁾ Soos aangedui, moet dit leergang of sillabus wees.³⁾ Dit maak dus nie sin om van „leerplan sillabus” te praat nie. Indien aangeneem word dat „of” weens 'n tikfout tussen die tweewoorde weggelaat is of dat „sillabus” tussen hakies moes staan, is dit nog verwarrend. In die Engelse uitgawe verskyn net die opskrif „Syllabus”.⁴⁾

In hierdie hoofstuk sal daar vervolgens gepoog word om die sillabus te evalueer aan die hand van die vereistes vroeër daargestel.

1. Bylae A, p. 202.

2. Ibid.

3. l.5, p. 27.

4. Engelse uitgawe van die sillabus, p. 2.

4.2 Evaluering van die Algemene Metodieksillabus aan die hand van die doelstellings

In die inleiding tot die sillabus kom die volgende voor: „Die doel met hierdie kursus is om die kwekelingonderwyser 'n goeie begrip te gee van die beginsels waarop die Algemene Metodiek gebaseer is.“¹⁾ Die volgende is nie as doelstelling geformuleer nie, maar kan tog so geïnterpreteer word: „Die leerstof is so gekies dat dit as agtergrondstudie kan dien ter voorbereiding en vorming van die student as onderwyser. Die beginsels waarmee die student hier kennis maak, moet in meer besonderhede uitgewerk en uitgetoets word in die Vakmetodiek. Dit moet veral in die Demonstrasielesse en Proefonderwys gedoen word.“²⁾

In albei hierdie stellings is daar sprake van sekere beginsels. Hierdie beginsels word in die volgende sin verder omskryf: „Die student moet weet dat die Algemene Metodiek gefundeer is op opvoedkundige en sielkundige beginsels soos: Waarneming, belangstelling en motivering, selfaktiwiteit, (indiwidueel of groepsgewys toegepas), ens.“³⁾

Volgens bogenoemde doelstelling soos in die sillabus geformuleer, moet die beginsels die hoofklem ontvang. Een van die funksies van doelstellings is dat dit 'n aanduiding moet gee van

1. Bylae A, p. 201.

2. Ibid.

3. Ibid.

watter leerstof om te kies.¹⁾ Uit genoemde doelstelling vloei dan voort dat uitsluitlik beginsels in die sillabus ingesluit moet word, want geen verdere doelstellings is geformuleer nie.

n Volgende funksie van die doelstellings van n vak is dat dit rigting aan die leerling-aktiwiteite moet gee.²⁾ Die doelstelling soos in die sillabus geformuleer dui net aan dat die kwekelingonderwyser insig in die beginsels moet verwerf. Dit kan dus weinig aanduiding gee van die aktiwiteite waaraan die studente moet deelneem.

Verder moet die doelstellings van die vak die spesifieke vak in ooreenstemming met die doelstellings van die opvoeding bring.³⁾ n Basiese beginsel in die doelstellings van die opvoeding is dat die opvoedingsdoel aan n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing moet voldoen. In bogenoemde doelstelling word egter niks aangetref wat op n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing dui nie. Dit beklemtoon net insig in beginsels wat slegs n onderdeel van die Algemene Metodiek uitmaak. Wat die vorming van n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing betref, is dit bekend dat die Christelike lewens- en wêreldbeskouing deur die Departement van Bantoe-Onderwys voorgestaan word soos uit die volgende blyk: Die doelstellings van die Laer Primêre Skool sluit o.a. die volgende in:

1. Sien 2.2, p. 33.

2. Ibid.

3. Ibid.

„Afrigting in die beginsels en uitlewing van die Christelike leer“, en die leerling moet in staat wees „om hom ooreenkomstig die fundamentele beginsels van die Christelike leer te gedra.“¹⁾

Die feit dat die Departement van Bantoe-Onderwys die Christelike lewens- en wêreldbeskouing t.o.v. die Laer Primêre Skool handhaaf, beteken egter nie dat dit nie nodig is om dit t.o.v. n vak soos Algemene Metodiek te formuleer nie. In die sillabus kom egter niks voor wat strydig is met die Christelike lewens- en wêreldbeskouing nie.

Dit blyk dus dat die doelstelling soos in die sillabus geformuleer nie die funksies van doelstellings kan vervul nie. Indien dit die geval is, is dit ook nie moontlik om die inhoud van die Algemene Metodieksillabus aan die hand van genoemde doelstelling te evalueer nie. Dit is dus nodig om die doelstellings soos in hoofstuk 3²⁾ geformuleer as uitgangspunt te neem om sodoende die inhoud van die sillabus te evalueer. Die volgende is as doelstellings van Didaktiekonderrig in die kurrikulum van die onderwysersopleiding geformuleer:

Algemene doelstellings:

1. Om die student n funksionele kennis van en insig in die Didaktiek in samehang met die Pedagogiek te laat verwerf.

-
1. Republiek van Suid-Afrika. Dept. van Bantoe-Onderwys. Sillabus vir die Laer Primêre Skoolkursus. (Hersien 1967), p. ii.
 2. Sien 3.6, p. 106.

2. Om die student insig te laat verwerf in opvoedende onderwys gebaseer op 'n Christelike lewens- en wêreld-beskouing.

Besondere doelstellings:

1. Om die student in staat te stel om te weet waarom sekere leerinhoud onderdig behoort te word en ander nie.
2. Om die student in staat te stel om te weet waarom sekere opvoedkundige gegewens in die praktyk van die opvoeding aangewend kan en moet word.
3. Om die student in staat te stel om te kan beslis hoe om die leerinhoud oor te dra.

Die probleem is nou egter dat bogenoemde doelstellings die doelstellings van Didaktiek-onderdig is terwyl die Algemene Metodieksillabus geëvalueer moet word. Soos egter in hoofstuk 1 aangetoon, is ten minste 'n gedeelte van die inhoud van die Algemene Metodieksillabus eintlik Didaktiek. Verder is aangetoon dat metodiekonderdig sonder 'n fundering in die Didaktiek te beperk is en resegagtige onderdig in die hand kan werk.¹⁾ Metodiek behoort dus as onderdeel van die Didaktiek behandel te word en daarom moet die Algemene Metodieksillabus vervang te word sonder om noodwendig die inhoud heeltemal te wysig.²⁾ Die inhoud van die Algemene Didaktieksillabus sal bepaal word nadat die evaluering van die bestaande sillabus in hierdie hoofstuk afgehandel is.

1. Sien 1.4, p. 21.

2. Ibid.

In die gedeelte wat nou volg, sal die inhoud van die Algemene Metodiek-syllabus stuksgewys gestel word en dan geëvalueer word aan die hand van die doelstellings van Didaktiekonderrig.

"AFDELING A. ALGEMENE METODIEK:

- "1. Die omvang daarvan en 'n paar basiese begrippe:
- " (a) Wat word verstaan onder:
 - (i) Algemene Metodiek.
 - (ii) Vakmetodiek.
 - (iii) Leersituasie.
 - " (b) Tradisionele onderwysmetodes teenoor moderne onderwysmetodiek soos ontwikkel uit tradisionele onderwysmetodes." 1)

Die eerste Algemene doelstelling vereis dat die student 'n deeglike kennis van en insig in die Didaktiek in samehang met die Pedagogiek moet verwerf. In bogenoemde gedeelte word slegs 'n omskrywing van Algemene Metodiek vereis sonder dat daar na die Pedagogiek of Didaktiek verwys word. Hierdie doelstelling kan dus nie in bogenoemde gedeelte verwesenlik word nie. Die fundering van die Algemene Metodiek in die Didaktiek ontbreek dus en so ook van die Didaktiek in die Pedagogiek.

Dit is wel moontlik dat 1.(b) hierbo 'n bydrae kan lewer tot die verwesenliking van die derde besondere doelstelling, nl. dat dit kan help om die student in staat te stel om te kan besluit hoe om hierdie leerinhoud oor te dra. 'n Kennis van

1. Bylae A, p. 202, 203.

tradisionele en moderne onderwysmetodes behoort die student van agtergrondkennis te voorsien by die keuse van aanbiedingsmetodes.

"2. ALGEMENE OPVOEDKUNDIGE BEGINSELS EN DIE TOEPASSING DAARVAN IN DIE ONDERWYS:

- "(a) Die beginsel van totaliteit as basiese uitgangspunt vir die opvoeding en onderrig van die kind.
- "(b) Die beginsel van belangstelling en motivering.
- "(c) Die beginsel van waarneming.
- "(d) Die beginsel van maatskaplike onderrig."¹⁾

Hierdie gedeelte van die sillabus behoort die student in staat te stel om die "waarom-vraag" te beantwoord (tweede besondere doelstelling). Verder behoort dit ook die student in staat te stel om te weet waarom sekere leerinhoudes onderrig behoort te word en ander nie (eerste besondere doelstelling). Die onderwyser kom voortdurend in probleemsituasies en dan word dit van hom verwag om self oplossings daarvoor te vind. Die sillabus vir onderwysersopleiding "..... moet egter van die aspirant 'n veelsydige denkende persoon maak wat hom nie later deur onverwagte situasies laat oorrumpel nie, maar sal weet hoe om koers te hou en sy moeilikhede te oorwin," aldus Schutte.²⁾

1. Bylae A, p. 203.

2. Schutte, op. cit., p. 317.

De Jongh,¹⁾ Farrant²⁾ en McKim³⁾ beklemtoon almal dat die aspirant-onderwyser eerder insig moet verwerf as dat die hoofklem op die tegniek moet val. T.o.v. die moderne benadering stel Duminy dit baie duidelik soos volg: „The interest today is, first and foremost, in the broad didactic principles which underlie all sound teaching, and not only in the memorization of rule of thumb procedures with regard to correct lesson-giving.”⁴⁾

Dit blyk dus dat hierdie gedeelte wat oor die opvoedkundige beginsels handel n belangrike bydrae ter bereiking van die eerste en tweede besondere doelstellings kan lewer.

- „3. Metodes van leerstofaanbieding.⁵⁾
- „4. Vrae.⁶⁾
- „5. Lesse.⁷⁾
- „6. Toetsing: eksaminering, meting of evaluering.⁸⁾
- „7. Werkskemas, voorbereiding en verslag van werk.”⁹⁾

-
- 1. De Jongh, op. cit., p. 142.
 - 2. Farrant, J.S. Principles and practice of education for use in African training colleges, p. 1.
 - 3. McKim, Margaret, G. e.a. Learning to teach in the elementary school, p. 44.
 - 4. Duminy, P.A. General teaching method, p. 2.
 - 5. Sien bylae A., p.203 vir 3(a) - (h).
 - 6. Ibid., p.203/4 vir 4(a) - (g).
 - 7. Ibid., p.204/5 vir 5(1) - (3).
 - 8. Ibid., p.205/6 vir 6(a) - (d).
 - 9. Ibid., p.206/7 vir 7(a) - (c).

Bogenoemde afdelings (punte 3 tot 7) is almal meer op die praktiese ingestel en behoort die student in staat te stel om te kan beslis hoe om hierdie leerinhoud te dra (derde besondere doelstelling). Op die oog af lyk dit nie of „toetsing: eksaminering, meting of evaluering,” direk met die oordrag van leerstof te doen het nie. Indirek het dit egter wel omdat die metodes van leerstofaanbieding o.a. beïnvloed sal word deur die leerlinge se aanleg.¹⁾ Die metodes van leerstofaanbieding kan ook gewysig word nadat die leerlinge diagnostiese toetse²⁾ of verskillende tipes klas-toetse geskryf het.³⁾ Bogenoemde afdelings behoort dus beslis n bydrae ter bereiking van die derde besondere doelstelling te lewer.

„8. NUWE BENADERINGS IN VERBAND MET ONDERWYSMETODES:

- „(a) Algemene beginsels waarop die moderne onderwysmetodes en stelsels gebaseer is.
- „(b) Die nuutste opvattinge i.v.m. die didaktiek veral na aanleiding van die moderne Sielkunde van die Denke.
- „(c) Kreatiewe neigings en denke: Die begaafde kind en die stimulerings van kreatiewe vermoëns.

1. Vgl. Bylae A, p.205 nr. 6 (c)(i).

2. Ibid., nr. 6(c)(iv).

3. Ibid., p.205 nr. 6(d).

- „(d) Geprogrammeerde onderrig: Die toepassing van beginsels soos:
- (i) Selfaktiwiteit.
 - (ii) Korrekte rangskikking van leerstof.
 - (iii) Die onmiddellike vasstelling van resultate.
 - (iv) Die individuele leertempo van die leerling.
 - (v) Die toepassing van bogenoemde beginsels in verskillende vakke.”¹⁾

In n vorige afdeling van die sillabus is n vergelyking tussen die moderne en tradisionele onderwysmetodes vereis.²⁾ Daar was egter nie sprake van algemene beginsels waarop die moderne onderwysmetodes gebaseer is nie. Om hierdie rede beklee hierdie afdeling (8 (a) tot (d)) n belangrike posisie in die sillabus ten einde die tweede besondere doelstelling te verwesenlik. Hier is dus ook sprake van die verwerwing van insig wat reeds vroeër bespreek is.

„AFDELING B: HULPMIDDELS:

„1. INLEIDING.”³⁾

Die inleiding tot hulpmiddels handel oor die praktiese vervaardiging van hulpmiddels en word nie in hierdie verhandeling geëvalueer nie aangesien dit eerder onder die vaardigheidsvakke tuishoort.

1. Bylae A, p. 207.

2. Vgl. Bylae A, p.207 nr. 1(b).

3. Ibid., p.207 vir nr. 1(a) en (b).

"2. DIE AANSKOULIKHEIDSBEGINSEL AS UITGANGSPUNT
EN GRONDBEGINSEL VIR DIE GEBRUIK EN WAARDE
VAN HULPMIDDELS.

- "3. Redes waarom van hulpmiddels in die
onderwys gebruik gemaak moet word ...¹⁾
- "4. Die korrekte keuse en gebruik van
hulpmiddels.
- "5. Die funksie wat hulpmiddels as sodanig
verrig.²⁾
- "6. Soorte hulpmiddels."³⁾

Die tweede punt hierbo lê klem op die aanskou-
likheidsbeginsel as uitgangspunt vir die gebruik
van hulpmiddels en kan as sodanig die student help
om insig te verwerf. Dit is dus duidelik 'n uit-
vloei van die tweede besondere doelstelling wat
bepaal dat die student moet weet waarom sekere
opvoedkundige gegewens in die praktyk van die opvoeding
aangewend kan en moet word. Dieselfde geld ook ten
opsigte van punte 3, 4 en 5. Die sesde punt wat oor
die soorte hulpmiddels handel, kan weer 'n bydrae
daartoe lewer om die student in staat te stel om te
kan beslis hoe om die leerinhoud oor te dra (derde
besondere doelstelling).

Hiermee is die hele Algemene Metodiek-syllabus
nou gedek. Die enigste doelstelling wat nog glad
nie ter sprake gekom het nie is die tweede Algemene
doelstelling, nl. om die student insig te laat verwerf
in opvoedende onderwys gebaseer op 'n Christelike
lewens- en wêreldbeskouing. Indien die student
insig in die Didaktiek in samehang met die Pedagogiek

1. Vgl. Bylae A, p.208 vir 3(i) - (iv).

2. Ibid., vir 5(i) - (viii).

3. Ibid., vir 6(a) - (c).

verwerf het, behoort dit vir hom duidelik te wees wat opvoedende onderwys is. Beide van der Stoep en van der Stoep¹⁾ en Bijl²⁾ beskou die onderwys as een van die weë van die opvoeding, vandaar opvoedende onderwys. Dit word dus as 'n leemte in die sillabus beskou dat hierdie doelstelling nie verwesenlik kan word nie. Die tweede gedeelte van hierdie doelstelling, nl. dié wat handel oor die Christelike lewens- en wêreldbeskouing kom ook nie in die sillabus voor nie, maar hoef ook nie as sodanig daarin voor te kom nie. Indien dit egter in die doelstellings pertinent genoem word, kan dit as riglyn dien by die hele benaderingswyse in die aanbieding van die vak.

Na 'n evaluering van die doelstellings van die Algemene Metodieksillabus blyk dit dat slegs een doelstelling geformuleer is wat net klem lê op die insig in sekere basiese beginsels. Dit is te eensydig en beslis onvoldoende. Daarna is die Algemene Metodieksillabus se inhoud geëvalueer aan die hand van die doelstellings van Didaktiekonderrig. Dit het geblyk dat enkele leemtes aan die hand van hierdie kriterium in die sillabus te bespeur is. Die belangrikste hiervan is dat die eerste algemene doelstelling, nl. dat die student 'n deeglike kennis van en insig in die Didaktiek in samehang met die Pedagogiek moet verwerf, nie verwesenlik kan word nie.

-
1. Van der Stoep & van der Stoep, op. cit., p. 43.
 2. Bijl, J. Inleiding tot de Algemene Didactiek van het basisonderwijs, p. 1.

4.3 Evaluering van die inhoud van die Algemene Metodieksillabus aan die hand van die kriteria vir leerstofkeuse

In hierdie gedeelte sal die sillabus stuks-
gewyse bespreek word aan die hand van die kriteria
vir leerstofkeuse. Die eis van die lewens- en
wêreldbeskouing sal egter nie weer toegepas word nie
aangesien dit baie nou met die doelstellings van die
vak saamhang en dus reeds behandel is.

4.3.1 „AFDELING A. ALGEMENE METODIEK:

„1. Die omvang daarvan en n paar basiese
begrippe:

„(a) Wat word verstaan onder:

- (i) Algemene Metodiek.
- (ii) Vakmetodiek.
- (iii) Die leersituasie.

„(b) Tradisionele onderwysmetodes teenoor
Moderne Onderwysmetodiek soos ont-
wikkel uit tradisionele onderwys-
metodes."1)

Die eerste vereiste vir leerstofkeuse wat hierop
toegepas gaan word, is dat die leerstof by die
ontwikkelingspeil van die kind moet aanpas.²⁾ Die
kern van hierdie kriterium is dat die leerstof
binne die bevattingsveld van die besondere groep
moet val wat n deeglike kennis van die beperkinge en
moontlikhede van die groep vereis. T.o.v. die
Bantoestudente van die P.O.S. is egter nog nie n

1. Bylae A, p. 202, 203.

2. 2.3.3, p. 44.

volle reeks gestandaardiseerde toetsresultate bekend nie, met die gevolg dat geen spesifieke afleidings t.o.v. die studente se aanleg gemaak kan word nie. Wat egter bekend is, is dat die Bantoe meer konkreet-gebonde is as die Blanke. Verder is die toelatingsvereiste tot die P.O.S. slegs Juniorsertifikaat en dit kompliseer die hele aangeleentheid nog meer. n Omskrywing van Algemene Metodiek, Vakmetodiek en die leersituasie bevat heelwat abstrakte materiaal. Sonder om dit weg te laat uit die sillabus kan dit só benader word dat bogenoemde twee probleme in ag geneem word en dat die leerstof aangepas sal word by die student se ervaringswêreld. In die omskrywing van bogenoemde drie aspekte moet onnodige abstrakte redenasies dus vermy word. Die student moet slegs voorsien word van die nodigste agtergrondkennis sodat hy ten minste kan onderskei tussen Algemene Metodiek en Vakmetodiek. Verder moet die leer- of didaktiese situasie slegs ontleed word in sy drie komponente, nl. leerling, leermeester en leerstof en die funksie van elk in die didaktiese situasie op n meer konkreetgebonde wyse. Punt 1(a)(iii) in die sillabus, nl. n omskrywing van die leersituasie is te vaag, en dis nie duidelik wat presies daar vereis word nie. n Duideliker omskrywing van hierdie punt is dus nodig.

Punt 1(b) behoort nie probleme op te lewer nie indien dit behandel word nadat die studente reeds genoeg agtergrond het van die moderne benadering in die onderwys, d.w.s. hier is n ordeningsprobleem wat later weer ter sprake gebring sal word.

Die tweede vereiste vir leerstofkeuse wat hierop toegepas moet word, is dat die leerstof belangstelling

moet wek.¹⁾ Kortliks kom dit daarop neer dat die leerstof vir die student betekenis moet hê. n Omskrywing van Algemene Metodiek en Vakmetodiek sal moeilik die belangstelling van die studente wek en so ook n blote omskrywing van die leersituasie. Laasgenoemde kan egter, indien dit aangebied word soos hierbo aangetoon, wel die belangstelling van die studente prikkel. n Punt in hierdie eerste gedeelte wat wel deeglik die belangstelling kan prikkel, is 1(b) omdat almal graag moderne onderwysers wil wees.

Vervolgens kan aandag geskenk word aan die vereiste dat die leerstof oordrag van oefening moet bevorder.²⁾ Ten einde oordrag van oefening te bewerkstellig, moet die leerstof o.a. lei tot die ontdekking van basiese begrippe en beginsels. n Omskrywing van Algemene Metodiek, Vakmetodiek en die leersituasie sluit beslis basiese begrippe in en die moontlikheid bestaan dus dat dit oordrag van oefening kan bevorder. Maksimum oordrag kan verkry word indien hier gewaak word teen n te abstrakte en n te konkreetgebonde benadering. n Tweede vereiste is dat die leerstof toepassingsmoontlikhede moet besit. In die gedeelte onder bespreking is dit veral 1(b) wat toepassingsmoontlikhede besit en dus n bydrae tot oordrag van oefening kan lewer.

Die sosiale beginsel by leerstofkeuse kan slegs in soverre op die onderwysersopleiding toegepas word, nl. dat dit in ag geneem moet word dat vandag se studente vir die onderwys van die toekoms

1. 2.3.4, p. 47.

2. 2.3.5, p. 49.

voorberei moet word.¹⁾ n Vergelyking tussen die tradisionele en moderne benadering behoort hiertoe n bydrae te lewer.

Die vereiste dat die leerstof funksionele waarde moet hê, kan wel deeglik op onderwysersopleiding toegepas word.²⁾ Die sillabus moet dié leerstof insluit wat die onderwyser daaglik in die praktyk kan gebruik. T.o.v. dié gedeelte onder bespreking blyk dit dat uitsluitlik 1(b) funksionele waarde besit. Dit beteken egter nie dat stof wat nie funksionele waarde besit, uitgelaat moet word nie. Indien slegs stof wat funksionele waarde het ingesluit word, kan dit tot pragmatisme lei.

Die vereiste dat die struktuur van die vak as wetenskaplike dissipline die inhoud van die sillabus bepaal, moet op elke Afdeling van die sillabus toegepas word.³⁾ Hier is nie sprake van Algemene Metodiek as wetenskaplike dissipline nie, maar wel van Algemene Didaktiek as deeldissipline van die Pedagogiek.⁴⁾ Die struktuur van Algemene Didaktiek as wetenskaplike dissipline sal dus as uitgangspunt geneem word in hierdie evaluering. In n studie van die Didaktiek volg dit vanself dat n omskrywing van Didaktiek vereis word wat beteken dat dit nie voldoende is om met n omskrywing van Algemene Metodiek, ens. te begin nie. Die Didaktiek word egter nie losstaande van die Pedagogiek omskryf nie,

1. 2.3.6, p. 51.

2. 2.3.7, p. 53.

3. 2.3.8, p. 55.

4. Vgl. hoofstuk 1.

maar duidelik as deeldisipline daarvan. n Omskrywing van Didaktiek vereis verder n onderskeiding tussen Algemene en Besondere Didaktiek. Hieruit vloei die volgende voort soos deur Van der Stoep en Van der Stoep gestel: „Die grootste gevaar by die interpretasie van die woord ‚didaktiek‘ is seker daarin geleë dat dit so voortdurend in geskifte verwar word met die begrip ‚metodiek‘, in dié sin dat n leer of teorie oor die onderwys so dikwels gelyk gestel word met n teorie oor onderwysmetodes.”¹⁾ Voortvloeiend uit n omskrywing van Didaktiek volg dus dat daar tussen Algemene Metodiek en Algemene Didaktiek ook onderskei moet word en vervolgens tussen Algemene Metodiek en Vakmetodiek.

n Omskrywing van die leersituasie²⁾ of didaktiese situasie word deur van der Stoep en van der Stoep as die vertrekpunt in n studie van die Didaktiek geneem.³⁾ Ook De Lange beskou n ontleding van die didaktiese situasie as n belangrike deel van die Didaktiek as wetenskap.⁴⁾ In die sillabus kom slegs die volgende voor:

„1(a) Wat verstaan word onder:
(iii) Die Leersituasie.”⁵⁾

-
1. Van der Stoep & van der Stoep, op. cit., p. 36.
 2. Vgl. Bylae A, p. 203 nr. 1(a)(iii).
 3. Van der Stoep & van der Stoep, op. cit., p. 38.
 4. De Lange, op cit., p. 177.
 5. Bylae A, p. 203.

Wat presies deur die sillabus t.o.v. hierdie punt verwag word, is nie duidelik nie. Die drie komponente van die didaktiese situasie kan moontlik as basis vir die behandeling van die didaktiese situasie dien. Die laaste punt (1(b)) van die aangehaalde gedeelte handel oor 'n vergelyking tussen die tradisionele en moderne onderwysmetodes. Coetzee stel dit dat die probleem van die „sogenaamde nuwe opvoeding“ ook as deel van die Praktiese Opvoedkunde as Wetenskap beskou moet word.¹⁾ Om hierdie rede lyk dit nie onvanpas dat die student wel insig t.o.v. die moderne benadering in die onderwys moet verwerf nie. Aan die anderkant behoort die hele sillabus die moderne benadering te weerspieël en kan slegs aan die einde van die sillabus 'n vergelyking tussen die tradisionele en moderne benadering getref word. Hier is dus sprake van 'n ordeningsprobleem wat later meer aandag sal kry.

Die laaste vereiste wat op die gedeelte onder behandeling toegepas gaan word, is dat daar 'n ooreenstemming tussen sillabusse in dieselfde vak moet bestaan.²⁾ Dit is 'n gewysigde vorm van die historiese kriterium.

In die Didaktiese Pedagogieksillabus van die Transvaalse Onderwysdepartement is die heel eerste punt die volgende:

-
1. Coetzee, J.C. Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, p. 15.
 2. Vgl. 2.3.9, p. 56.

„4.1.1. Die begrippe Didaktiese Pedagogiek
en Didaktiek".¹⁾

Daar is egter nie sprake van n omskrywing van Algemene Metodiek en Vakmetodiek nie. Die Universiteit van Pretoria se Didaktieksillabus vir die H.P.O.D. vereis ook n omskrywing van Didaktiek en Pedagogiek, maar sonder enige omskrywing van Algemene Metodiek en Vakmetodiek.²⁾

Aan die Potchefstroomse Universiteit word i.p.v. Didaktiek gepraat van Praktiese Opvoedkunde. Die Praktiese Opvoedkunde-sillabus vir die U.L.O.D. begin dan ook met n inleiding oor die Praktiese Opvoedkunde en sy plek in die Opvoedkunde.³⁾ In werklikheid kom dit op dieselfde as die vorige neer, nl. dat as dit n Didaktieksillabus is, begin dit met n omskrywing van Didaktiek en die plek daarvan in die Pedagogiek en ook as Praktiese Opvoedkunde verkies word, begin dit met n omskrywing van Praktiese Opvoedkunde en die plek daarvan in die Opvoedkunde. Indien langs hierdie lyne geredeneer word en terselfdertyd in gedagte gehou word dat die Algemene Metodiek beperkter in omvang as die Didaktiek is en eintlik werklik eers tot sy reg kom as dit in die Didaktiek gefundeer is, blyk dit dat n blote omskrywing van Algemene Metodiek en Vakmetodiek sonder verwysing na die Didaktiek⁴⁾ geen doel dien nie. Dit is n duidelike verskraling van die pedagogiese basis.

1. Bylae C, p. 219.

2. Bylae E, p. 227.

3. Bylae D, p. 226.

4. Bylae A, p.203 nr. 1(a)(i) en (ii).

T.o.v. punt 1(a)(iii) wat n omskrywing van die leersituasie vereis, kom dit in verskillende vorms in verskillende sillabusse voor. Die T.O.D.-sillabus ontleed die didakties-pedagogiese situasie in deelnemers en leerinhoud en vereis t.o.v. die leerinhoud n verdere gedetailleerde ontleding.¹⁾ Die Universiteit van Pretoria se sillabus noem nie die Didaktiese situasie nie, maar behandel tog die leerinhoud en die onderwyser.²⁾

In die sillabus van die Universiteit van Pretoria word die skool behandel en daaronder volg dan die pedagogiese relevansie van die skool, die onderwyser, die skool as leefwêreld en die pedagogiese taak van die skool.³⁾ Dit is hieruit duidelik dat beide die onderwyser en leerling ter sprake sal kom. Die leerinhoud word dan onder n afsonderlike hoof behandel.

Sonder verwysing na die didaktiese situasie word die onderwyser in een of ander vorm in die volgende sillabusse ook behandel: die Opvoedkunde-sillabus van die O.V.S. se H.P.O.S.⁴⁾; die Beginsels van Opvoedkunde-sillabus van die Kaapprovinsie se P.O.D.⁵⁾, die Beginsels van Onderwys, Kinderstudie en Algemene Metodiek-sillabus (1956) van die Departement van Naturellesake⁶⁾; in dieselfde sillabus van die

1. Vgl. bylae C, p. 220.

2. Vgl. bylae E, p. 227.

3. Ibid.

4. Bylae F, p. 230.

5. Bylae G, p. 249.

6. Unie van Suid-Afrika, Departement van Naturellesake. Leerplan vir die Hoër Primêre Onderwyserskursus (1956), p. 12.

Departement van Bantoe-Onderwys van 1962¹⁾; en in die geval van die Praktiese Opvoedkunde-sillabus van die Potchefstroomse Universiteit se U.L.O.D.²⁾ T.o.v. die leerling geld dieselfde in die geval van die genoemde sillabusse van die Kaapprovinsie³⁾ en die Potchefstroomse Universiteit.⁴⁾

Die leerstof en die indeling daarvan kom ook in die sillabus van die Potchefstroomse Universiteit voor.⁵⁾

Die laaste punt van die gedeelte onder behandeling ((1)(b)), nl. n vergelyking tussen tradisionele en moderne onderwysmetodes kom ook in een of ander vorm in enkele sillabusse voor. In die sillabus van die Transvaalse Onderwysdepartement is vernuwing en vergelykende Didaktiek net vir studente van die Transvaalse Hoër Onderwys-diploma (T.H.O.D.) voorgeskryf, maar nie vir studente van die Transvaalse Onderwysdiploma nie.⁶⁾ (Die T.O.D. wat bedoel is vir die opleiding van primêre-skoolonderwysers). In die Vrystaatse sillabus kom die volgende voor:

-
1. Republiek van Suid-Afrika. Departement van Bantoe-Onderwys. Leerplan vir die Hoër Primêre Onderwyserskursus (1962), p. 14.
 2. Bylae D, p. 226.
 3. Bylae F, p. 232.
 4. Bylae D, p. 226.
 5. Ibid.
 6. Bylae C, p. 224.

„Besondere metodes van onderwys met verwysing na die beginsels van die ,nuwe' metodiek soos individualisering, sosialisering, ens. en soos toegepas in die Daltonplan en Projektmethode.“¹⁾

Dit blyk hieruit dat hoewel bogenoemde sillabusse dit anders bewoord, vernuwing tog op een of ander wyse ter sprake kom. Die vraag ontstaan egter of die hele sillabus nie verteenwoordigend van die nuwe benadering moet wees nie. Indien wel, is dit onvanpas om op hierdie vroeë stadium reeds in die sillabus 'n vergelyking tussen die moderne en tradisionele benadering te tref. Soos vroeër reeds aangetoon, is dit 'n ordeningsprobleem wat later weer ter sprake gebring moet word.

4.3.2 „ALGEMENE OPVOEDKUNDIGE BEGINSELS EN DIE TOEPASSING DAARVAN IN DIE ONDERWYS:

- „(a) Die beginsel van totaliteit as basiese uitgangspunt vir die opvoeding en onderrig van die kind.
- „(b) Die beginsel van belangstelling en motivering.
- „(c) Die beginsel van waarneming.
- „(d) Die beginsel van maatskaplike onderrig.“²⁾

Die eerste kriterium wat hierop toegepas gaan word, is dat die leerstof by die ontwikkelingspeil van die kind moet aanpas.³⁾ Soos reeds gestel, is die Bantoe meer konkreetgebonde as die Blanke. Beginsels soos hierbo is uiteraard abstrak. Indien die leerstof nie by die ontwikkelingspeil van die

1. Bylae F, p. 234.

2. Bylae A, p. 203.

3. Vgl. 2.3.3, p. 44.

kind aanpas nie, bestaan die moontlikheid om dit te vereenvoudig of weg te laat. n Ander moontlikheid is om die struktuur van die leerstof by die kinderlike denke aan te pas.¹⁾ Die kind (in hierdie geval die student) se ervaringswêreld word dus as uitgangspunt geneem. In die lig hiervan is dit moontlik om, nadat die student reeds onderwyservaring d.m.v. proefonderwys opgedoen het, bogenoemde beginsels by sy ervaring aan te sluit. Dit kan op so n wyse gedoen word dat dit nie te abstrak aangebied word nie, maar dat die student die kern van elke beginsel sal begryp. Dit blyk dus dat hier ook moontlik sprake van n ordeningsprobleem is wat later weer ter sprake kan kom.

Vervolgens geld die vereiste dat die leerstof belangstelling moet wek.²⁾ Indien hierdie beginsels soos in die vorige paragraaf gestel, benader word, bestaan die moontlikheid dat dit wel belangstelling kan wek. Dit sal vir die studente betekenis hê as dit by hulle ervaringswêreld aansluit en hulle sodoende insig daarin kan verwerf. Die beginsel van maatskaplike onderrig (2(d)), ook die heembeginsel genoem, behoort in die besonder die belangstelling van die Bantoestudent gaande te maak indien dit reg benader word. In die geval van ontwikkelende volke en dus ook die Bantoe, bestaan n duidelike diskontinuiteit tussen huis en skool.³⁾ Duminy kom ten opsigte hiervan dan tot die slotsom dat „One very important result which comes from this new

1. Vgl. 2.3.3, p.44.

2. Vgl. 2.3.4, p.47.

3. Vgl. Duminy, P.A. African pupils and teaching them, p. 18, e.v.

approach is the acknowledgement of the importance of the environment into which the child is born."¹⁾ Hierdie beginsel kan dus direk by die ervarings-wêreld van die student aansluit en sodoende vir hom betekenis hê.

Die derde vereiste is dat die leerstof oordrag van oefening moet bevorder.²⁾ Die leerstof moet lei tot die ontdekking van en insig in basiese begrippe en beginsels ten einde oordrag van oefening te bewerkstellig. Hierdie gedeelte onder bespreking, nl. die Algemene opvoedkundige beginsels, leen homself uitstekend daartoe om die student insig in basiese beginsels en begrippe te laat verwerf. Die onderwyser moet insig in alle opvoedkundige beginsels verwerf ten einde intelligent beslissings t.o.v. sy didaktiese ontwerpe te kan maak.³⁾ Oordrag kan egter belemmer word indien die werk te abstrak of te konkreetgebonde is. Daarom moet daar teen beide uiterstes gewaak word. Indien dit te abstrak is, bestaan die verdere gevaar dat dit buite die student se bevattingsveld sal val.

n Tweede vereiste wat aan die leerstof gestel word ten einde oordrag van oefening te bevorder, is dat dit in die alledaagse lewe toegepas moet kan word. Dit moet nie net die moontlikheid besit om toegepas te kan word nie, maar die student moet geleentheid kry om dit self toe te pas. Die eerste sin van hierdie gedeelte lui „Algemene opvoedkundige

1. Vgl. Duminy, P.A. African pupils and teaching them, p. 21.

2. Vgl. 2.3.5, p. 49.

3. Vgl. van der Stoep & van der Stoep, op. cit., p. 196.

beginsels en die toepassing daarvan in die onderwys."¹⁾ In die behandeling moet dus, volgens die sillabus, voortdurend klem op die praktiese toepassing hiervan gelê word. Dit verhoog die moontlikhede ten gunste van oordrag van oefening. Die student behoort ook aangemoedig te word om tydens sy proefonderwys hierdie beginsels in die Praktiese onderwyssituasie toe te pas. Dit kan 'n verdere bydrae lewer ter bevordering van die oordrag van oefening.

Die sosiale beginsel by leerstofkeuse²⁾ geld nie t.o.v. die gedeelte onder behandeling nie:

Die vereiste dat die leerstof funksionele waarde moet hê, sal vervolgens toegepas word.³⁾ Die funksionele waarde van hierdie Algemene Opvoedkundige beginsels lê daarin dat die onderwyser daagliks in die praktiese onderwyssituasie beslissings t.o.v. die aanpak van die leerstof moet neem. Van der Stoep en van der Stoep stel dit dat dit van die onderwyser verwag word om kennis te neem van alle beginsels wat bepaalde vorme of sisteme onderlê, en dat hy "op grond van besondere oorwegings tot 'n keuse van 'n bepaalde didaktiese ontwerp moet geraak."⁴⁾ Deeglike kennis en insig van die algemene opvoedkundige beginsels en die toepassing daarvan in die onderwys, sal beslis funksionele waarde hê.

1. Bylae A, p. 203.

2. Vgl. 2.3.6, p. 51.

3. Vgl. 2.3.7, p. 53.

4. Van der Stoep & van der Stoep, op. cit., p. 196.

Die volgende vereiste wat ter sprake is, is dat die struktuur van die vak as wetenskaplike dissipline die inhoud van die sillabus bepaal.¹⁾ Soos reeds aangetoon, word Algemene Didaktiek i.p.v. Algemene Metodiek as naam vir die sillabus onder bespreking verkies. In die sillabus is sprake van algemene opvoedkundige beginsels. De Lange sluit Didaktiese en metodologiese beginsels in in die struktuur van die Didaktiek as wetenskap.²⁾ Van der Stoep en van der Stoep sluit weer beginsels van algemene aard, wat by die onderwys in aanmerking geneem moet word, in die Didaktiek as wetenskaplike dissipline in.³⁾ Oor die omskrywing en ordening van hierdie beginsels bestaan egter uiteenlopende menings. Jonges onderskei byvoorbeeld tussen n viertal Didaktiese beginsels, nl., eksplorasie, aktiwiteit, individualisering en taal.⁴⁾ Van Hees stel weer die volgende beginsels wat aan die Didaktiek algemene rigting gee: die onderwys moet soveel moontlik aansluit by die belangstelling van die leerlinge;⁵⁾ die onderwys moet aansluit by die omgewing en die bekende;⁶⁾ die skool moet die aanskoulikheid by die onderwys bevorder;⁷⁾ die onderwys moet sorgdra vir die geestelike en liggaamlike aktiwiteite van die leerlinge;⁸⁾ die onderwys

1. Vgl. 2.3.8, p. 55.

2. De Lange, op. cit., p. 177.

3. Van der Stoep & van der Stoep, op. cit., p. 36.

4. Jonges, op. cit., p. 124.

5. Van Hees, op. cit., p. 135.

6. Ibid., p. 141.

7. Ibid., p. 142.

8. Ibid., p. 146.

moet, as enigsins moontlik, op natuurlike wyse verband lê tussen onderdele van verskillende vakke.¹⁾

Coetzee praat van metodiese grondreëls en noem dan die volgende: die onderwys moet die belangstelling van die leerlinge wek; dit moet aanskoulik wees en van die konkrete na die abstrakte gaan, van die bekende na die onbekende, van die enkelvoudige na die saamgestelde, van die empiriese na die rasionele, van die besondere na die algemene; die onderwys moet prakties wees; dit moet gebruik maak van die aktiwiteit, inisiatief en skeppende selfuiting van die kind en ten slotte moet die onderwys plek gee aan herhaling, inoefening en gewenning.²⁾

Van der Stoep en van der Stoep onderskei tussen Didaktiese beginsels,³⁾ onderwysbeginsels⁴⁾ en metodologiese beginsels.⁵⁾ Die Didaktiese beginsels verdeel hulle in Didaktiese beginsels wat as grondgedagtes in alle onderwys veronderstel word, nl. aktiwiteit, aanskouing en ekspressie.⁶⁾ Vervolgens sluit hulle onder die besondere Didaktiese beginsels die volgende in: die beginsel van klassikale onderwys, die beginsel van individualisering en die beginsel van leerstofordening.⁷⁾ Hierna volg dan die besondere onderwysbeginsels, nl. die totaliteitsbeginsel, die

1. Van Hees, op. cit., p. 158.

2. Coetzee, J.C. Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, p. 351, 352.

3. Van der Stoep & van der Stoep, op. cit., p. 197.

4. Ibid., p. 220.

5. Ibid., p. 253.

6. Ibid., p. 197 - 199.

7. Ibid., p. 201 - 213.

beginsel van differensiasie en die outo-didaktiese beginsel.¹⁾ Die besondere metodologiese beginsels soos deur hulle behandel,²⁾ kom nie met die gedeelte onder bespreking ooreen nie en sal later by die metodes van leerstofaanbieding ter sprake gebring word.

Kruger en Krause behandel die volgende Didaktiese beginsels: die vormingsbeginsel, die verantwoordelikeheidsbeginsel, die kommunikasiebeginsel, die beginsel van aktiewe betrokkenheid en hulp by eksplorاسie, die beginsel van die ordening van die ervaring, die differensiasiebeginsel, die beginsel van integrاسie, die gesagsbeginsel en die emansipasiebeginsel.³⁾

Bevelander, e.a., sluit die volgende hoof Didaktiese beginsels in in die Algemene Didaktiek: motivering, aanskoulikheid, die ordening van die ervaring, selfwerkzaamheid, die aansluiting by die aanleg en ontwikkelingspeil van die kind en die beginsel van konsolidering. Verder praat hulle van die volgende sekondêre of meer besondere beginsels: die totaliteitsbeginsel, die heenkundige oriëntering van die onderwys, die sintese van „formele” en „materiële” vorming, die beginsel van die gemeenskap, van die eise van die lewe en van geleidelikheid.⁴⁾

-
1. Van der Stoep & van der Stoep, op. cit., p. 220 - 224.
 2. Ibid., p. 253 - 268.
 3. Kruger, J.H. & Krause, F.J.L. Kind en skool, p. 65, 66.
 4. Bevelander, C. e.a. Algemene Didactiek. Deel V. Eerste stuk, p. 22.

Die vier beginsels wat in die P.O.S.-sillabus voorkom, kom almal in een of meer van bogenoemde voorbeelde voor. Dit beantwoord dus aan die eis van die struktuur van die vak as wetenskaplike dissipline, behalwe dat daar n vraagteken geplaas word oor die hoeveelheid en watter beginsels om in die sillabus in te sluit. n Indeling soos dié van van der Stoep en van der Stoep kan moontlik te ingewikkeld vir die P.O.S.-studente wees en daarom lyk dit na n moontlike oplossing om net n klompie Didaktiese beginsels in die sillabus in te sluit. Verkieslik moet dit dus Didaktiese beginsels genoem word en nie Algemene Opvoedkundige beginsels nie. Die volgende beginsels wat nie in die sillabus voorkom nie, kan moontlik bygevoeg word: die aktiwiteits- en die individualiseringsbeginsel. Indien hierdie toevoeging gemaak word, is die meeste Didaktiese beginsels en veral dié wat vir die Bantoe-student in die P.O.S. van praktiese waarde kan wees, in die sillabus ingesluit. Só byvoorbeeld kan die aktiwiteitsbeginsel die selfwerkzaamheids-, selfaktiwiteit- en ekspressiebeginsels insluit. Verder kan die individualiseringsbeginsel ook die beginsel van differensiasie insluit.

Die beginsel van Maatskaplike onderrig (2(d)) soos dit in die sillabus voorkom, kan moontlik verander word na die heembeginsel.

Die laaste vereiste vir leerstofkeuse wat op die algemene opvoedkundige beginsels toegepas gaan word, is dat daar n ooreenstemming tussen sillabusse in dieselfde vak moet bestaan.¹⁾ In die Vrystaatse

1. Vgl. 2.3.9, p. 56.

sillabus kom die volgende algemene beginsels van metode voor: leerlingaktiwiteite, integrasie, belewing, bekende na onbekende, konkrete na abstrakte, geheel na dele, van eenvoudige na ingewikkelde.¹⁾ Die beginsel van leerling-aktiwiteite kan as 'n sinoniem vir die aktiwiteitsbeginsel beskou word, terwyl dié van die bekende na die onbekende in 'n meer uitgebreide of moderne vorm in die heembeginsel voorkom. Die beginsel van die konkrete na die abstrakte kom weer in 'n meer uitgebreide vorm in die aanskouingsbeginsel of die beginsel van waarneming voor, terwyl dié van die geheel na die dele deur die totaliteitsbeginsel verteenwoordig word. Dit blyk dus dat daar 'n groot ooreenkoms is tussen die beginsels in die Vrystaatse sillabus en dié onder bespreking.

Die sillabus van die Potchefstroomse Universiteit praat slegs van „die algemene beginsels soos die aktiwiteits- en ander beginsels.”²⁾ Die „ander beginsels” is nie gespesifiseer nie.

Die sillabus van die Universiteit van Pretoria noem slegs drie Didaktiese beginsels, nl. aktiwiteit, kreatiwiteit en differensiasie,³⁾ terwyl die beginsels wat in die sillabus van die Transvaalse Onderwysdepartement voorkom dieselfde is as dié wat deur Kruger en Krause genoem word.⁴⁾

1. Bylae F, p. 230.

2. Bylae D, p. 226.

3. Bylae E, p. 228.

4. Sien behandeling van die struktuur van die vak as wetenskaplike dissipline as vereiste vir leerstofkeuse.

T.o.v. laasgenoemde drie sillabusse bestaan daar dus nie groot ooreenkomste in die geval van die Didaktiese beginsels nie. Slegs die aktiwiteitsbeginsel kom by aldie voor en ook by die P.O.S.-sillabus. Die beginsel van differensiasie kan, soos reeds aangetoon, deur die indiwidualiseringsbeginsel ingesluit word.

In die lig daarvan dat slegs drie sillabusse beginsels in een of ander vorm behandel, en boonop ook nie ooreenstem wat betref die verskillende beginsels nie, kan n mens slegs tot die slotsom kom dat hierdie kriterium weinig rigting kan verskaf t.o.v. die insluiting en/of weglating van bepaalde beginsels.

4.3.3 "3 METODES VAN LEERSTOFAANBIEDING:

- "(a) Die lesingmetode: die korrekte manier waarvolgens dit in die primêre klasse gedoen moet word.
- "(b) Selfwerkzaamheid: indiwidueel of groepsgewys (gewone klaswerk word hiermee vervang).
- "(c) Die projekmetode: soos veral toegepas in groepwerk.
- "(d) Die onderlinge oorlegpleging of besprekingsmetode.
- "(e) Die vraag- en antwoord-metode.
- "(f) Die probleemstel en oplosmetode.
(Heuristiese).

- „(g) Tradisionele beginsels in verband
met metodes o.a.: van die bekende
na die onbekende; van die eenvoudige
na die ingewikkelde; van die
konkrete na die abstrakte, ens.
- „(h) Hierdie metodes moet prakties
gedemonstreer word.“¹⁾

Die eerste vraag is of bg. leerstof by die ontwikkelingspeil van die studente sal aanpas.²⁾ Die enigste punt hierbo wat moontlik t.o.v. hierdie eis probleme kan oplewer, is 3(c), nl. die projekmetode. Omdat daar so min Bantoeskole met goed toegeruste biblioteke is, kan hierdie metode nog nie algemeen toegepas word nie. Dit is dus moeilik vir die Bantolestudent in die P.O.S. om te begryp hoe om hierdie metode toe te pas. Indien in die behandeling van die projekmetode egter meer klem op praktiese projekte gelê word waarby dit nie nodig is om 'n biblioteek te gebruik nie, maar waar die materiaal in een of ander vorm in die omgewing beskikbaar is, behoort dit geen probleem op te lewer nie. Die res van die metodes behoort almal binne die bevattingsveld van die studente te val.

Die volgende vraag is of die leerstof die belangstelling van die studente sal wek.³⁾ Al die metodes, behalwe moontlik die projekmetode, behoort vir die studente betekenis te hê, veral indien dit aangebied word nadat die studente hulle eerste tydperk van proefonderwys afgehandel het. Dit is

1. Bylae A, p. 203.

2. Vgl. 2.3.3, p. 44.

3. Vgl. 2.3.4, p. 47.

dus moontlik dat die gemiddeld gemotiveerde student in die metodes sal belangstel.

Die derde vereiste is dat die leerstof oordrag van oefening moet bevorder.¹⁾ Indien die leerstof in die alledaagse lewe toegepas kan word en die student geleentheid kry om wel die leerstof toe te pas, kan dit oordrag van oefening bevorder. Al hierdie metodes van leerstofaanbieding kan in die onderwyssituasie toegepas word. Punt 3(h) meld dat hierdie metodes prakties gedemonstreer moet word en dit kan 'n groot bydrae tot oordrag van oefening lewer.

Die sosiale beginsel by leerstofkeuse²⁾ geld nie t.o.v. die gedeelte onder behandeling nie.

Vervolgens moet die vraag beantwoord word of die leerstof, nl. die metodes van leerstofaanbieding, funksionele waarde het.³⁾ Daar behoort geen twyfel te bestaan nie dat al hierdie metodes van leerstofaanbieding wel funksionele waarde besit.

Die volgende vereiste, nl. dat die struktuur van die vak as wetenskaplike dissipline die leerstofkeuse bepaal, sal nou op die leerstof onder bespreking, toegepas word.⁴⁾ Verskillende skrywers noem hierdie

1. Vgl. 2.3.5, p. 49.

2. Vgl. 2.3.6, p. 51.

3. Vgl. 2.3.7, p. 53.

4. Vgl. 2.3.8, p. 55.

metodes van leerstofaanbieding verskillend. Enkele voorbeelde is die volgende: Aarts noem dit leervorme,¹⁾ van der Stoep en van der Stoep²⁾ en ook De Lange³⁾ praat van metodologiese beginsels, Coetzee onderskei weer tussen algemene en besondere metodes van die onderwys,⁴⁾ terwyl Bevelander, e.a. dit onderwysvorme noem.⁵⁾ Die metodes van leerstofaanbieding kom dus duidelik in die Didaktiek as wetenskap voor. Die eerste probleem wat opgelos moet word, is of dit metodes, leervorme, onderwysvorme of metodologiese beginsels genoem moet word. Tussen die terme „metodes van leerstofaanbieding" en „metodologiese beginsels" is n baie fyn onderskeiding. Indien die argument oor die verskil tussen Didaktiek en metodiek tot sy logiese konsekwensies deurgetrek word, blyk dit dat die beskrywing van n vaste metode in die leerstofaanbieding die idee kan laat posvat dat dit n vaste resep is wat gevolg moet word.⁶⁾ In die lig van die moontlike abstraktheid van beginsels en die feit dat daar so n fyn onderskeid tussen die twee benaderings⁷⁾

-
1. Aarts, Jos. Beknopt leerboek der Algemene Didaktiek, p. 254.
 2. Van der Stoep & van der Stoep, op. cit., p. 251, e.v.
 3. De Lange, op. cit., p. 177.
 4. Coetzee, J.C. Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, p. 148.
 5. Bevelander, C. e.a. Kernproblemen uit de Algemene Didaktiek van het basisonderwijs, p. 66.
 6. Vgl. van der Stoep & van der Stoep, op. cit., p. 251.
 7. Metode en metodologiese beginsels.

is en dit daarom onnodig gekompliseerd vir die P.O.S.-studente kan wees, lyk dit in orde om maar van metodes van leerstofaanbieding te praat.

Die volgende probleem waaraan aandag geskenk moet word, is of die metodes wat wel in die syllabus ingesluit is die belangrikste metodes verteenwoordig. Van der Stoep en van der Stoep onderskei die volgende metodologiese beginsels: die induktiewe, deduktiewe, verhalende, vraag-en-antwoord, handboek, spel, demonstrasie, eksperimentering, drillwerk en dramatisering.¹⁾ Coetzee onderskei weer die volgende algemene en besondere metodes van die onderwys: die woordmetode, handboekmetode, denkmetode, studiemetode, metode van resitasie en onderlinge bespreking, die les in waardering, die projekmetode en die laboratoriummetode.²⁾ Aarts gee die volgende hoofindeling van leervorme: die waarnemende leervorm, die verklarende of interpreterende, die mededelende en voortbrengende en ten slotte die heuristiese leervorm.³⁾ Elk van hierdie hoofindelings verdeel hy dan verder. So verdeel hy bv. die heuristiese leervorm in die volgende: die onderwysersvraag, leergesprek, leerlingvraag, klasgesprek, opgee van take en die gebruik van werkboeke.⁴⁾ Hieruit blyk dit dat hy onder die vraag-en-antwoordmetode en die heuristiese metode dieselfde verstaan. Duminy stel dit ook dat

1. Van der Stoep & van der Stoep, op. cit., p. 251 - 268.

2. Coetzee, op. cit., p. 148 - 190.

3. Aarts, op. cit., p. 256 - 273.

4. Ibid., p. 273 - 282.

sommige hierdie twee metodes as sinoniem beskou.¹⁾
In die lig hiervan behoort die vraag-en-antwoord-
metode en die heuristiese metode nie as afsonderlike
metodes in die sillabus voor te kom nie.²⁾

Die eerste metode wat in die sillabus genoem
word, is die lesingmetode (3(a)). n Beter
omskrywing hiervan kan moontlik die verhalende
metode³⁾ wees, veral aangesien dit n beter
omskrywing is van die metode wat in die primêre-
skool algemeen gebruik word.

Die volgende metode (3(b)) is selfwerkzaamheid.
By die Didaktiese beginsels is voorgestel dat die
aktiwiteitsbeginsel in die sillabus ingevoeg moet
word. Hierdie aktiwiteitsbeginsel sluit ook
selfaktiwiteit in en daarmee is selfwerkzaamheid
grootliks gedek. Dit lyk dus of die selfwerkzaam-
heidsmetode uit die sillabus uitgelaat kan word.

Die derde metode wat in die sillabus genoem
word, is die projekmetode (3(c)). Coetzee sluit
ook die projekmetode in sy metodes in.⁴⁾ Dit lyk
dus nie nodig om hieraan te verander nie. Dieselfde
geld van die besprekingsmetode (3(d)).

Die tradisionele beginsels in verband met
metodes (3(g)) pas egter nie hier nie, maar wel by
die Didaktiese beginsels. Soos reeds aangetoon, is
hierdie tradisionele beginsels ingesluit in die
Didaktiese beginsels wat in die sillabus voorkom.

-
1. Duminy, P.A. General teaching method, p. 41.
 2. Vgl. Bylae A, nr. 3(e) en 3(f), p. 203.
 3. Van der Stoep & van der Stoep, op. cit., p. 253.
 4. Coetzee, op. cit., p. 180.

Die volgende metodes kom nie in die sillabus voor nie en dit kan oorweeg word om hulle wel in te voeg: die handboekmetode, speelmetode, eksperimentering, drillwerk, dramatisering en die deduktiewe- en induktiewe metodes.

Die laaste vereiste vir leerstofkeuse wat op die metodes van leerstofaanbieding toegepas moet word, is dat daar 'n ooreenstemming tussen sillabusse in dieselfde vak moet wees.¹⁾

In die sillabus van die Kaapprovinsie kom die volgende t.o.v. metodes voor: „Metodes van leer: probeer-en-tref, nabootsing, kondisionering, meedeling, insig of ontdekking, ens.”²⁾ en op 'n ander plek: „Metodes wat aangewend word om leerstof meer doeltreffend te memoriseer: hersiening, verspreide herhaling, geheel-en-deel-metode van leer, ens.”³⁾

Die Vrystaatse sillabus sluit die volgende metodes in: die woordmetode, handboekmetode, denkmetode, studiemetode, die metode van resitasie en onderlinge bespreking en die speelmetode.⁴⁾ Hierdie indeling stem byna heeltemal ooreen met Coetzee se indeling wat vroeër reeds gestel is. Die sillabus van die Potchefstroomse Universiteit meld slegs die vertel-, projek- en programmetode.⁵⁾

1. Vgl. 2.3.9, p. 56.

2. Bylae G, p. 243.

3. Ibid., p. 244.

4. Bylae F, p. 231.

5. Bylae D, p. 226.

Die sillabus van die Universiteit van Pretoria noem die volgende metodologiese beginsels: induktief, deduktief, vraag-en-antwoord, spel, demonstrasie, eksperimente, drill- en handboek.¹⁾

Die sillabus van die Transvaalse Onderwys-departement onderskei tussen die handeling van die leerling waaronder die volgende ingesluit word: spel-, luister-, heuristiese-, selfstudie-, aanskouings- en inoefeningsmetodes; en die handeling van die onderwyser waaronder die volgende ingesluit word: aanbiedende, vraag-en-antwoord-, voordoen-, demonstrasie-, probleemstellende en opdraggewende metode.²⁾

Beide 1956³⁾ en 1962⁴⁾ se Beginsels van Onderwys, Kinderstudie en Algemene Metodieksillabusse vir die H.P.O.S. van Bantoe-Onderwys sluit die volgende metodes in: speelmetodes, selfwerkzaamheidsmetodes, ontdekmetode, projekmetode, individuele- en groepmetodes, vertel van stories en dramatisering en die lesingmetode.

In die lig van bogenoemde blyk dit dat die lesingmetode, die projekmetode, die besprekingsmetode, die vraag-en-antwoordmetode en die heuristiese metode wat in die sillabus onder bespreking voorkom, almal in een of ander vorm in een of meer

1. Bylae E, p. 227.

2. Bylae C, p. 222.

3. Unie van Suid-Afrika. Dept. van Naturellesake. Leerplan vir die Hoër Primêre Onderwyserskursus (1956), p. 14.

4. Republiek van Suid-Afrika. Dept. van Bantoe-Onderwys. Leerplan vir die Hoër Primêre Onderwyserskursus (1962), p. 16.

van die sillabusse ook voorkom. Die volgende metodes wat in een of meer van die sillabusse voorkom, maar nie in die P.O.S.-sillabus nie, kan moontlik ook in die sillabus gevoeg word: die handboekmetode, die speelmetode, die induktiewe- en deduktiewe metode, die eksperimenteerings- en die drillmetode.

Die laaste punt van die gedeelte onder behandeling, nl. die tradisionele beginsels i.v.m. metodes kom nie in een van die sillabusse onder metodes van leerstofaanbieding voor nie. Dit blyk dus dat dit nie onder hierdie punt inpas nie, maar elders geplaas moet word.

4.3.4 „4. VRAE: Dit gaan hier om en oor vrae wat gedurende 'n les óf deur die onderwyser óf deur die leerlinge gestel word.

„(a) Soorte vrae:

- (i) Vrae gestel oor gedane werk om 'n aanknopingspunt te vind of vas te stel of die leerlinge die behandelde leerstof verstaan.
- (ii) Vrae om die leerlinge te prikkel om self konstruktief of skeppend te dink, of om eie afleidings te maak.

„(b) Wanneer en waarom vrae gestel word:

- (i) Aan die begin van 'n les;
- (ii) Gedurende die aanbieding van die les;
- (iii) Aan die einde van die les;
- (iv) Vir en in elke les moet die regte atmosfeer geskep word en 'n lewendige belangstelling behou word.

- „(c) Hoe en waarom leerlinge aangemoedig moet word om self vrae te stel.
- „(d) Situasies en omstandighede waaronder leerlinge spontaan vrae sal stel.
- „(e) Die beantwoording van leerlinge se vrae.
- „(f) Die goeie tipe vraag en vrae wat liewers vermy moet word.
- „(g) Die leerlinge se antwoorde en wat daarin en daarmee van hulle verwag word.“¹⁾

Hierdie gedeelte oor vrae beantwoord beslis aan die volgende vereistes: dit behoort by die ontwikkelingspeil van die studente aan te pas,²⁾ dit behoort die belangstelling van die studente te wek³⁾ en dit kan funksionele waarde besit.⁴⁾

Die volgende vraag is of dit oordrag van oefening sal bevorder.⁵⁾ Indien die leerstof die moontlikheid besit om toegepas te kan word en indien die student die geleentheid kry om dit toe te pas, sal dit oordrag van oefening bevorder. Die gedeelte oor vrae besit toepassingsmoontlikheid en die studente behoort gedurende die proefonderwys geleentheid te kry om dit toe te pas. Dit beantwoord dus aan hierdie vereiste.

1. Bylae A, p. 203, 204.

2. Vgl. 2.3.3, p. 44.

3. Vgl. 2.3.4, p. 47.

4. Vgl. 2.3.7, p. 53.

5. Vgl. 2.3.5, p. 49.

Die vereiste, nl. dat die struktuur van die vak as wetenskaplike dissipline die leerstofkeuse bepaal, sal nou toegepas word. Soos reeds aangetoon, sluit Aarts alles oor vrae by die heuristiese metode in.¹⁾ Duminy het by sy behandeling van die vraag-en-antwoordmetode net 'n kort inleiding geskryf en toe na die hoofstuk wat vrae in besonderhede behandel soos in die gedeelte onder behandeling, verwys.²⁾ Van der Stoep-hulle stel in hulle behandeling van die beginsel van vraag-en-antwoord die volgende: „Deur te vra, onderrig die onderwyser nog nie sy klas nie, en is die vraag nie 'n metode nie, maar 'n beginsel en selfs 'n middel. 'n Goed-geformuleerde vraag het nog glad nie die didaktiese doelstelling van die onderwyser verwesenlik nie. Dit is die resultaat wat ter sprake is.“³⁾ Hieruit blyk dat vrae nie 'n metode is nie, maar wel 'n beginsel en selfs 'n middel. Ten einde alle verwarring uit te skakel, moet vrae dan óf heeltemal afsonderlik behandel word óf as 'n onderdeel van die heuristiese of vraag-en-antwoordmetode. In die lig van bogenoemde lyk dit na die beste oplossing as vrae afsonderlik van die metodes van leerstofaanbieding behandel word en dat by hierdie metodes nie 'n heuristiese of 'n vraag-en-antwoordmetode voorkom nie. Dié gedeelte in die sillabus wat oor vrae handel, kan dus net so in besonderhede in die sillabus behoue bly.

1. Aarts, op. cit., p. 273 - 282.

2. Vgl. Duminy, P.A. General teaching method, p. 41.

3. Van der Stoep & van der Stoep, op. cit., p. 255.

Die laaste vereiste wat op die gedeelte oor vrae toegepas gaan word, is dat daar n ooreenstemming tussen sillabusse in dieselfde vak moet wees.¹⁾ In die Vrystaatse sillabus kom die volgende t.o.v. vrae voor: „Die vraag as onderwystegniek: Die plek, waarde en funksie van die vraag, die tegniek van vraagstelling, die hantering van kinderantwoorde en kindervrae, die vraag-en-antwoordmetode.”²⁾

In die 1956³⁾ en 1962⁴⁾ sillabusse van Bantoe-Onderwys kom ook n afsonderlike gedeelte oor vrae voor en dit handel oor die verskillende soorte vrae en hulle gebruike, hoe om vrae te stel en die kinders se antwoorde en vrae. Daar is dus n groot ooreenkoms t.o.v. vrae tussen die bestaande P.O.S.-sillabus en vorige H.P.O.S.-sillabusse (1956 en 1962). In Bantoe-Onderwys het dit m.a.w. in n sekere sin die toets van die tyd weerstaan.

Om egter op grond van slegs drie sillabusse tot n duidelike gevolgtrekking te kom, sou verkeerd wees. Een aspek is egter betreklik duidelik na toepassing van hierdie vereiste, nl. dat vrae in een of ander vorm in die sillabus ingesluit moet word.

1. Vgl. 2.3.9, p. 56.

2. Bylae F, p. 230.

3. Dept. van Naturellesake, op. cit., p. 15.

4. Dept. van Bantoe-Onderwys, op. cit., p. 16.

4.3.5 „5. LESSE:

„(1) Soorte lesse:

„(a) Lesse wat gegee word om nuwe kennis, feite, leerstof of inligting, mee te deel, by te bring of oor te dra.
Dit kan geskied deur:

- (i) Die feite, ens. aan die leerlinge mee te deel;
- (ii) Die leerlinge te laat waarnem - n aanskouingsles;
- (iii) Die leerlinge nuwe wetten en reëls self te laat ontdek - induktief.
- (iv) Die leerlinge bekende wetten of reëls te laat toepas - deduktief.
- (v) Die leerlinge selfstandig te laat lees of te laat navors.

„(b) Die drillles: om bepaalde feite ens. by die leerlinge vas te lê.

„(c) Die waarderingsles: Die aanbied van n les ter wille van genot, bv. voordrag, storievertel, musiek, teken, ens.

„(d) Praktiese lesse vir die verwerwing van n bepaalde vaardigheid soos tik, L.O., bespeling van n musiekinstrument, ens.

„(e) Lesse waarin die leerlinge die geleentheid kry om iets selfstandig en spontaan te skep en uiting aan hul gevoelens en gewaarwordings te gee, bv. boetseerwerk, sketse en tekeninge, handwerk, ens.

- " (2) Die belangrikste onderafdelings van n les en wat onder elk van hierdie hoofde verstaan en verwag word:
- (a) Inleiding.
 - (b) Aanbieding.
 - (c) Toepassing.
- " (3) L.W. Bogenoemde lessoorle moet kortliks toegelig word met betrekking tot:
- (i) doel,
 - (ii) benadering of metode van aanbieding en
 - (iii) toepassing."¹⁾

Hierdie gedeelte oor lesse behoort by die ontwikkelingspeil van die studente aan te pas,²⁾ dit behoort belangstelling te wek omdat dit vir die studente betekenis kan hê,³⁾ dit het beslis funksionele waarde⁴⁾ en dit behoort ook n bydrae te lewer om oordrag van oefening te bevorder.⁵⁾ Lg. is moontlik omdat dit toepassingsmoontlikheid besit en die studente ook gedurende die proef-onderwys geleentheid sal kry om dit wel toe te pas.

Die volgende vereiste is dat die inhoud van die sillabus deur die struktuur van die vak as

1. Bylae A, p. 204, 205.

2. Vgl. 2.3.3, p. 44.

3. Vgl. 2.3.4, p. 47.

4. Vgl. 2.3.7, p. 53.

5. Vgl. 2.3.5, p. 49.

wetenskaplike dissipline bepaal word.¹⁾ Coetzee sluit onder algemene tegnieke van die onderwys die volgende in: die lesplan, die werkopgawe, hersiening, die vraag en drill.²⁾ Aarts sluit ook die leseenhed in die Didaktiek in en sê in hierdie verband: „De laatste didactische bewerking ondergaat de leerstof in het opstellen van de leseenhed, d.i. de bepaling van de inhoud van een afzonderlijke les”.³⁾ Ook van der Stoep-hulle sluit lesbeplanning en lesverloop in hulle „Didaktiese Oriëntasie” in.⁴⁾

In al drie bogenoemde gevalle is net sprake van die lesplan, leseenhed, lesbeplanning en lesverloop, maar nie van soorte lesse nie. In dié gedeelte van die sillabus onder bespreking word in hierdie verband slegs na die belangrikste onderafdelings van die les verwys, nl. die inleiding, aanbieding en toepassing.⁵⁾ Verder bevat die sillabus verskillende lestipes. Hierdie lestipes is in ’n groot mate ’n duplisering van die metodes van leerstofaanbieding en die Didaktiese beginsels. Hier word veral verwys na die waarnemingsbeginsel en die aanskouingsles, die induktiewe les en die induktiewe metode, die deduktiewe les en die deduktiewe metode, die drillles en die drillmetode.

1. Vgl. 2.3.8, p. 55.

2. Coetzee, J.C. Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, p. 192 - 220.

3. Aarts, op cit., p. 239.

4. Vgl. Van der Stoep & van der Stoep, op. cit., p. 272, e.v.

5. Vgl. Bylae A, p.205 nr. 5 (2).

Dit lyk dus hiervolgens asof die verskillende lestipes maar uit die sillabus gelaat kan word. Indien die student deeglik op hoogte met die verskillende Didaktiese beginsels en metodes van leerstofaanbieding is, behoort dit nie vir hom nodig te wees om nog van die verskillende lestipes ook kennis te neem nie. 'n Leemte in die sillabus is egter dat nie genoeg aandag aan lesbeplanning en lesverloop geskenk word nie. Die hele gedeelte oor lesse in die sillabus kan dan met die volgende vervang word:

LESBEPLANNING EN LESVERLOOP.¹⁾

- 1) Leerstofkeuse en -samestelling.
- 2) Lesontwerp en -verloop:
 - (a) Oorwegings by die lesontwerp.
 - (b) Enkele faktore wat die lesbeplanning en -verloop beïnvloed:
 - (i) Leerstofkeuse.
 - (ii) Hulpmiddele.
 - (iii) Die aandeel van die leerlinge.
 - (iv) Kontrole en begeleiding:
 - 1) Hulpverlening.
 - 2) Foute-analise.
 - 3) Remediëring.
 - (v) Faktore wat as aansporing dien vir die leergebeure, en wat dit behou en verdiep.
 - (c) Die voorbereiding van die onderwyser.
 - (d) Algemene kriteria vir aanleg by lesontwerpe.

1. Wat hier volg, is woordeliks die indeling wat van der Stoep & van der Stoep volg. Vgl. Van der Stoep & van der Stoep, op. cit., p. 272, e.v.

Die laaste vereiste vir leerstofkeuse wat op hierdie gedeelte toegepas moet word, is dat daar 'n ooreenstemming tussen sillabusse in dieselfde vak moet wees.¹⁾ In die Universiteit van Pretoria se sillabus kom die volgende i.v.m. lesse voor: „Lesstruktuur : Doel, grondvorm, probleemstelling, reduksie van inhoud, metode, ordening, inoefening / toepassing, kontrole.“²⁾ In die sillabus van die Kaapprovinsie kom lesvoorbereiding voor onder die hoof werkbeplanning.³⁾ Die Vrystaatse sillabus bevat die volgende t.o.v. lesse: „Die lesplan as onderwystegniek: Omskrywing en voordele, vereistes, die vorm van die lesskema.“⁴⁾ In die sillabus van die Transvaalse Onderwysdepartement kom slegs die lesplan voor as een van die ordeningsbeginsels.⁵⁾ Die 1956⁶⁾ en 1962⁷⁾ sillabusse vir die H.P.O.S. van Bantoe-Onderwys bevat slegs die volgende t.o.v. lesse: „Die formele trappe van 'n les. Inleiding, aanbieding en toepassing.“

Uit bogenoemde voorbeelde blyk dit dat nie een van die sillabusse verskillende lestipes bevat nie, maar slegs die lesplan of lesstruktuur en lesvoorbereiding. Dit bevestig verder dat die verskillende

1. Vgl. 2.3.9, p. 56.

2. Bylae E, p. 228.

3. Bylae G, p. 249.

4. Bylae F, p. 230.

5. Bylae C, p. 220.

6. Dept. van Naturellesake, op. cit., p. 15.

7. Dept. van Bantoe-Onderwys, op. cit., p. 16.

lestipes maar uit die sillabus gelaat kan word en dat groter klem op die lesstruktuur en -beplanning geplaas moet word.

4.3.6 "6. TOETSING: EKSAMINERING, METING OF EVALUERING:

- "(a) Wat word onder toetsing, eksaminering, meting en evaluering verstaan?
- "(b) Voor- en nadele van interne en eksterne eksamens.
- "(c) Soorte toetse:
 - (i) Toetse om aanleg te bepaal;
 - (ii) Toetse om bedrewenheid of vaardigheid te bepaal;
 - (iii) Toetse om prestasie te bepaal;
 - (iv) Diagnostiese toetse,
 - (v) Vrae kan gestel word om gememoriseerde werk te toets;
 - (vi) Vrae kan gestel word om die leerlinge se denk- en redeneervermoë te toets.
- "(d) Die volgende oorwegings moet in verband met toetsing en meting in ag geneem word:
 - (i) Toetsing moet gereeld geskied (weekliks, maandeliks, kwartaal-lik) maar nie oordoen word nie. Toetsing is nie onderrig nie.
 - (ii) Vrae moet binne die leerling se begripsvermoë val en alleen oor werk wat deeglik behandel en vasgelê is, gestel word. Doen hersiening voordat toetse afgeneem word.

- (iii) Vrae moet in eenvoudige en verstaanbare taal gestel word. Gee n voorbeeld van wat verlang en verwag word.
- (iv) Die eerste vrae van die vraestel moet redelik maklik wees en dan geleidelik moeiliker word.
- (v) Die kort (Ballard) en lang of opsteltipe-vraag.
- (vi) Die leerlinge moet voldoende tyd kry om die vraestel te beantwoord, tensy dit n speedtoets is.
- (vii) Hou deeglik toesig terwyl die leerlinge die vrae beantwoord. Kweek eerlikheid by leerlinge aan.
- (viii) Gebruik antwoordmemoranda om die toets na te sien.
- (ix) Hou verslag van die toegekende punte op n puntetaat of in n punteboek.
- (x) Vraestelle, antwoordmemorandums, antwoordskrifte en puntelyste moet aan die hoof voorgelê word vir goedkeuring en moderering.
- (xi) Liasseer voorbeelde van vraestelle en antwoordmemorandums.
- (xii) Remediërende werk moet op elke toets volg.¹⁾

Net soos dit die geval was met die vorige gedeelte oor lesse, beantwoord hierdie gedeelte aan die volgende vereistes: dit pas by die ontwikkelings-

peil van die studente aan,¹⁾ dit kan die belangstelling van die studente wek,²⁾ dit het funksionele waarde³⁾ en dit kan oordrag van oefening bevorder.⁴⁾

Die volgende vereiste is dat die inhoud van die sillabus deur die struktuur van die vak as wetenskaplike dissipline bepaal word.⁵⁾ Du Plessis gee aan meting 'n plek in die struktuur van die Algemene Didaktiek.⁶⁾ Verder stel van der Stoep en van der Stoep dit dat die Algemene Didaktiek hom ook oor prestasie moet uitspreek. Hulle stel dit soos volg: „Per slot van sake is dit 'n belangrike aspek van die daaglikse skoolpraktyk om die leerling se poging in verhouding tot die eise wat gestel is of kan word, te evalueer met die doel dat 'n kind ook insig sal verwerf ten opsigte van sy eie staanplek in die verloop van die leergebeure.”⁷⁾ Meting en evaluering kan dus as 'n deel van die Didaktiek beskou word. In die P.O.S.-sillabus is hierdie aspek dan ook baie volledig uitgewerk en in die lig van bogenoemde lyk dit nie nodig om daaraan te verander nie.

1. Vgl. 2.3.3, p. 44.

2. Vgl. 2.3.4, p. 47.

3. Vgl. 2.3.7, p. 53.

4. Vgl. 2.3.5, p. 49.

5. Vgl. 2.3.8, p. 55.

6. Du Plessis, op. cit., p. 65 - 67.

7. Van der Stoep & van der Stoep, op. cit., p. 47.

Die laaste vereiste vir leerstofkeuse wat op hierdie gedeelte toegepas moet word, is dat daar n ooreenstemming tussen sillabusse in dieselfde vak moet wees.¹⁾ In die sillabus van die Kaap-provinsie kom slegs die volgende i.v.m. meting voor: „Die waarde van toetsing om die doeltreffendheid van die onderwyser se metodes vas te stel.“²⁾ Die Vrystaatse sillabus verwys net kortliks na evaluering³⁾ en op n ander plek na eksamens, rapporte en promosie.⁴⁾ Hoewel die ander sillabusse niks oor meting en evaluering bevat nie, lyk dit in die lig van bostaande nie nodig om aan die bestaande sillabus in hierdie verband te verander nie.

4.3.7 „7. WERKSKEMAS, VOORBEREIDING EN VERSLAG VAN WERK:

- „(a) Algemene beginsels in verband met die beplanning en aanbieding van die werk:
 - (i) Vir die hele jaar;
 - (ii) Vir die verskillende kwartale of semesters van die jaar;
 - (iii) Vir die skoolweke van die kwartaal of in afsonderlike lesse.
- „(b) Voorbereiding: (Slegs algemene beginsels).
Besonderhede wat verwag en verlang word vir:
 - (i) Daaglikse, of
 - (ii) Weeklikse, of
 - (iii) Afsonderlike lesvoorbereidings.
- „(c) Verslag van afgehandelde werk:
 - (i) Besonderhede wat in die verslag

1. Vgl. 2.3.9, p. 56.

2. Bylae G, p. 249.

3. Bylae F, p. 234.

4. Ibid., p. 236.

vereis word;

(ii) Die waarde en noodsaaklikheid
van so 'n verslag;

(iii) Metodes om verslag van gedane
werk te hou.

"L.W. Dit is die taak van die onderwyser
om sy studente te leer hoe om vir sy
besondere vak:

(i) Sy werk te beplan, m.a.w. 'n skema
op te stel;

(ii) Sy lesse voor te berei;

(iii) Verslag van gedane werk te hou."¹⁾

Hierdie gedeelte oor werkskemas, voorbereiding
en verslag van werk is nie abstrak nie en kan wel by
die ontwikkelingspeil van die studente aanpas.²⁾
Aangesien dit vir die student praktiese waarde sal
hê, behoort dit vir hom van betekenis te wees en
daarom kan hierdie gedeelte ook die student se
belangstelling wek.³⁾ Hieruit vloei byna vanself-
sprekend voort dat kennis en insig van hierdie
gedeelte ook funksionele waarde sal hê want dis werk
wat daaglik in die onderwyspraktyk gebruik word.⁴⁾
Leerstof wat toepassingsmoontlikheid besit en insig
in basiese beginsels⁵⁾ beklemtoon, sal ook oordrag
van oefening bevorder⁶⁾ en dit is die geval met die
gedeelte onder bespreking.

1. Bylae A, p. 206, 207.

2. Vgl. 2.3.3; p. 44.

3. Vgl. 2.3.4, p. 47.

4. Vgl. 2.3.7, p. 53.

5. Vgl. 7(b) van die gedeelte onder bespreking.

6. Vgl. 2.3.5, p. 49.

Vervolgens geld die vereiste dat die inhoud van die sillabus deur die struktuur van die vak as wetenskaplike dissipline bepaal word.¹⁾ By die toepassing van hierdie selfde vereiste oor die insluiting van lesse in die sillabus, is gevind dat lesstruktuur en lesbeplanning in die struktuur van die Didaktiek as wetenskap onderskei word.²⁾ Uit die gevolgtrekking by laasgenoemde geval, blyk dit dat lesbeplanning en voorbereiding in die sillabus ingesluit moet word. Indien dit onder 4.3.5 ingesluit word, is dit nie nodig om dieselfde werk weer hier (4.3.7) in te sluit nie en hier word verwys na 7(a) wat oor beplanning handel en 7(b) wat oor voorbereiding handel. Die enigste gedeelte wat nie gedek is nie, is 7(c) wat oor die verslag van afgehandelde werk handel. Dit is egter moeilik om algemene beginsels neer te lê t.o.v. verslag oor werk, want in verskeie vakke word verskillende verslagmetodes gevolg. Laasgenoemde gedeelte oor verslag van werk kan dus ewe maklik in die Besondere Didaktiek ingesluit word. In die lig van bogenoemde argumente kan 7(c) dus heeltemal uit die sillabus uitgelaat word, terwyl 7(a) en 7(b) reeds onder 4.3.5 ingesluit is.

Laastens geld die vereiste dat daar 'n ooreenstemming tussen sillabusse in dieselfde vak moet wees.³⁾ In die sillabus van die Kaapprovinsie is werkskemas en

1. Vgl. 2.3.8, p. 55.

2. Vgl. 4.3.5, p. 154.

3. Vgl. 2.3.9, p. 56.

verslag van werk ingesluit.¹⁾ In die Vrystaatse sillabus word verwys na die noodsaaklikheid van beplanning, skemas en verslae.²⁾ Dit is die enigste sillabusse wat hierna verwys en in die lig hiervan kan hierdie vereiste weinig rigting t.o.v. hierdie punt se insluiting in of weglating uit die sillabus verskaf.

4.3.8 „8. NUWE BENADERINGS IN VERBAND MET ONDERWYSMETODES:

- „(a) Algemene beginsels waarop die moderne onderwysmetodes en stelsels gebaseer is.
- „(b) Die nuutste opvattinge in verband met die didaktiek veral na aanleiding van die moderne Sielkunde van die Denke.
- „(c) Kreatiewe neigings en denke:
Die begaafde kind en die stimulerings van kreatiewe vermoëns.
- „(d) Geprogrammeerde onderrig. Die toepassing van beginsels soos:
 - (i) Selfaktiwiteit.
 - (ii) Korrekte rangskikking van leerstof.
 - (iii) Die onmiddellike vasstelling van resultate.
 - (iv) Die individuele leertempo van die leerling.
 - (v) Die toepassing van bogenoemde beginsels in verskillende vakke.”³⁾

1. Bylae G, p. 249.

2. Bylae F, p. 235.

3. Bylae A, p. 207.

Die eerste vraag is of bogenoemde leerstof by die ontwikkelingspeil van die studente sal aanpas.¹⁾ In 8(a) is sprake van algemene beginsels wat dus in 'n mate abstrakte werk is. Dit kan egter wel by die ontwikkelingspeil van die studente aanpas indien dit nie te abstrak aangebied word nie, maar gebaseer word op die ervaring van die student. T.o.v. 8(b) wat o.a. oor die Denksigologie handel, geld dieselfde. Geprogrammeerde onderrig (8(d)) kan probleme oplewer aangesien dit vir die Bantoe student wesensvreemd is. In die boek van Duminy wat deur die meeste Bantoe Onderwysersopleidingskole gebruik word is 'n goeie voorbeeld van 'n program afgedruk.²⁾ Indien geprogrammeerde onderrig aan die hand van so 'n program behandel word, behoort dit nie probleme op te lewer nie.

Die volgende vraag is of die leerstof die belangstelling van die studente sal wek.³⁾ Dit lyk nie moontlik dat geprogrammeerde onderrig die belangstelling van die studente sal wek nie, aangesien dit vir hulle weinig betekenis sal hê. Die mening is vroeër uitgespreek dat die hele sillabus die moderne benadering moet weergee. In die lig hiervan kan dit baie waarde hê as die sillabus dan afgesluit word met 'n vergelyking tussen die moderne en tradisionele benaderings.⁴⁾ Dit behoort dan terselfdertyd die studente se belangstelling te wek.

1. Vgl. 2.3.3, p. 44.

2. Duminy, P.A. General teaching method, p. 131-144.

3. Vgl. 2.3.4, p. 47.

4. Vgl. Bylae A, p.203 nr. 1(b).

Die derde vereiste is dat die leerstof oordrag van oefening moet bevorder.¹⁾ Die beklemtoning van algemene beginsels (8(a)) kan n bydrae ter bevordering van oordrag van oefening lewer. Geprogrammeerde onderrig het ook te doen met die toepassing van sekere beginsels en in die lig hiervan kan dit wel oordrag van oefening bevorder. T.o.v. die toepassingsmoontlikhede van hierdie gedeelte blyk dit dat 8(a) tot (c) wel hieraan beantwoord, maar dat geprogrammeerde onderrig nie op hierdie stadium of in die nabye toekoms in die Bantoe primêreskool toegepas sal word nie. Die insluiting van geprogrammeerde onderrig in die sillabus word dus bevraagteken.

Vervolgens moet die vraag beantwoord word of die gedeelte onder bespreking funksionele waarde het.²⁾ Geprogrammeerde onderrig sal beslis nie funksionele waarde vir die Bantoestudente hê nie, terwyl die eerste drie punte (8(a) tot (c)) moontlik funksionele waarde kan hê. Lg. is moontlik veral omdat n samevatting van die moderne benadering vir die student n beter geheelbeeld kan gee van dit wat in die sillabus behandel is en dat hy sodoende hierdie kennis met groter sukses in die moderne onderwyspraktyk sal kan toepas.

Die volgende vereiste, nl. dat die struktuur van die vak as wetenskaplike dissipline die leerstofkeuse bepaal, sal nou op die leerstof onder bespreking toegepas word.³⁾ Coetzee sluit die nuwe

1. Vgl. 2.3.5, p. 49.

2. Vgl. 2.3.7, p. 53.

3. Vgl. 2.3.8, p. 55.

opvoeding in in die struktuur van die Praktiese Opvoedkunde.¹⁾ Bevelander, e.a. sluit egter nie die nuwe benadering in as n onderdeel van die Didaktiek nie, maar kom byna aan die einde van hulle werk met n opsomming van die kenmerkende verskille tussen die „ou" en „nuwe" Didaktiek.²⁾ Van der Stoep-hulle sluit Didaktiese grondvorme in in die struktuur van die Didaktiek en geprogrammeerde onderrig is een van die Didaktiese grondvorme.³⁾ Hiervolgens blyk dit dat geprogrammeerde onderrig as een van die Didaktiese grondvorme in die sillabus ingesluit kan word wat dadelik die ander grondvorme, nl. skakelonderwys, projekonderwys, eksemplariese onderwys en die gesprek ook betrek. Indien geprogrammeerde onderrig dus in die sillabus ingesluit word, behoort die ander Didaktiese grondvorme ook ingesluit te word. So n byvoeging kan die sillabus baie lank laat word, en op hierdie manier stof insluit wat nie vir die P.O.S.-studente baie funksionele waarde sal hê nie. Dit blyk dus voldoende te wees as slegs ter samevatting n vergelyking tussen die moderne en tradisionele benadering in die sillabus voorkom en geprogrammeerde onderrig uitgelaat word.

Die laaste vereiste vir leerstofkeuse wat op hierdie gedeelte toegepas moet word, is dat daar n ooreenstemming tussen sillabusse in dieselfde vak moet wees.⁴⁾ Die Vrystaatse sillabus

-
1. Coetzee, J.C. Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, p. 15.
 2. Bevelander, C. e.a. Kernproblemen uit de algemene didactiek van het basisonderwijs, p. 246, e.v.
 3. Van der Stoep & van der Stoep, op. cit., p. 225, e.v.
 4. Vgl. 2.3.9, p. 56.

bevat die volgende in hierdie verband: „Besondere metodes van onderwys met verwysing na die beginsels van die „nuwe“ metodiek soos individualisering, sosialisering, ens. en soos toegepas in die Dalton-plan en Projekmetode.”¹⁾ In die Transvaalse sillabus word die verskillende grondvorme behandel en o.a. ook programmering.²⁾ Hierdie enkele voorbeelde van sillabusse wat hierdie gedeelte insluit is egter nie voldoende om tot ’n gevolgtrekking te kom nie.

4.3.9 „AFDELING B. HULPMIDDELS.”

- „2. Die aanskoulikheidsbeginsel as uitgangspunt en grondbeginsel vir die gebruik en waarde van hulpmiddels.
- „3. Redes waarom van hulpmiddels in die onderwys gebruik gemaak moet word om bv.:
 - (i) ’n Nuwe begrip tuis te bring;
 - (ii) ’n Woordbetekenis te verklaar;
 - (iii) ’n Begrip te konsolideer;
 - (iv) ’n Sintuiglike voorstelling van ’n nie-aanwesige situasie daar te stel, ens.
- „4. Die korrekte keuse en gebruik van hulpmiddels.
- „5. Die funksie wat hulpmiddels as sodanig verrig. Dit:
 - (i) motiveer die leerlinge;
 - (ii) stimuleer belangstelling en bevorder die ontwikkeling van verwante belangstellings;
 - (iii) verseker goeie kontak met die klas as groep;

1. Bylae F, p. 234.

2. Bylae C, p. 221.

- (iv) bevorder volgehoue aandag en belangstelling;
- (v) bevorder denkprosesse en redeneringsvermoë;
- (vi) vergemaklik behoud van leerstof;
- (vii) verryk die ervaring;
- (viii) verskaf praktiese illustrasies en demonstrasie.

"6. Soorte hulpmiddels:

"(a) Visuele:

- (i) Nie-geprojekteerde hulpmiddels;
bv. skryfbord, flennie- en plastiekbord, flitskaarte, muurkaarte, prente, modelle, speletjies, ens.
- (ii) Geprojekteerde hulpmiddels:
bv. filmskyfies, filmstrokies, stom 16 mm. rolfilm, tru-projektor (skryfprojektor), 8 mm.-enkel begripfilm.

"(b) Oudiële hulpmiddels:

- (i) Platespeler,
- (ii) Bandopnemer,
- (iii) Radioprogramme,
- (iv) Taalonderrig-masjien.

"(c) Oudiovisuele hulpmiddels:

- (i) Verklankte filmstrokies,
- (ii) 16 mm.-klankfilm."¹⁾

Hierdie gedeelte beantwoord aan die volgende vereistes vir leerstofkeuse: dit pas by die ontwikkelingspeil van die studente aan,²⁾ dit kan die

1. Bylae A, p. 207-209.

2. Vgl. 2.3.3, p. 44.

belangstelling van die studente wek,¹⁾ dit het funksionele waarde²⁾ en dit kan oordrag van oefening bevorder.³⁾

Die volgende vereiste is dat die inhoud van die sillabus deur die struktuur van die vak as wetenskaplike dissipline bepaal word.⁴⁾ Beide van der Stoep-hulle⁵⁾ en van Hees⁶⁾ laat in die struktuur van die Didaktiek ruimte vir hulpmiddels.

Die laaste vereiste is dat daar n ooreenstemming tussen sillabusse in dieselfde vak moet wees.⁷⁾ Die Transvaalse sillabus noem die volgende t.o.v. hulpmiddels; „Onderwysmiddele, leermiddele, en gebruiksmiddele n.a.v. vorm, funksie, hantering en vereiste.“⁸⁾ In die sillabus van die Kaapprovinsie kom die volgende voor: „Die waarde en noodsaaklikheid van hulpmiddels in die onderwys,“⁹⁾ terwyl die sillabus van die Potchefstroomse Universiteit net na leermiddele verwys.¹⁰⁾ Die gedeelte oor hulpmiddels wat in die sillabus voorkom,

-
1. Vgl. 2.3.4, p. 47.
 2. Vgl. 2.3.7, p. 53.
 3. Vgl. 2.3.5, p. 49.
 4. Vgl. 2.3.8, p. 55.
 5. Van der Stoep & van der Stoep, op. cit., p. 36.
 6. Van Hees, op. cit., p. 130.
 7. Vgl. 2.3.9, p. 56.
 8. Bylae C, p. 222.
 9. Bylae G, p. 244.
 10. Bylae D, p. 226.

kan dan net so behoue bly, behalwe dat die eerste gedeelte¹⁾ wat oor die praktiese vervaardiging van hulpmiddels handel, uit hierdie sillabus gelaat moet word. Soos reeds gestel, hoort dit eerder tuis by die praktiese vakke. Dieselfde geld ook vir skryfbordwerk.

4.3.10 Algemeen:

n Onderwerp wat nie in die sillabus voorkom nie, is „leer“. Dit blyk egter dat de Block,²⁾ van der Stoep en van der Stoep³⁾ en ook Coetzee⁴⁾ leer in een of ander vorm in die struktuur van die Didaktiek insluit. In die sillabus van die Kaapprovinsie kom ook „metodes van leer“ en „doelbewuste leer met die oog op oordrag“ voor.⁵⁾ Die sillabus van die Universiteit van Pretoria bevat die volgende i.v.m. leer: „Didaktiese perspektief op die leerverskynsel.

- „ (i) Aansluiting by die pedagogiese psigologie.
- „ (ii) Leerkategorieë: waarneming, ervaring, objektiwiteit.
- „ (iii) Didaktiese interpretasie in die lessituasie.“⁶⁾

-
1. Vgl. Bylae A, p.203 nr. 1(a) en (b).
 2. De Block, op. cit., p. 28, 29.
 3. Van der Stoep & van der Stoep, op. cit., p. 36.
 4. Coetzee, op. cit., p. 15.
 5. Bylae G, p. 243.
 6. Bylae E, p. 227.

Wat hieruit duidelik na vore kom, is dat leer vanuit die Didaktiek benader moet word en nie verwar moet word met wat in die Elementêre Opvoedkundige Sielkunde-sillabus¹⁾ onder „leer“ ingesluit moet word nie. Vir die doel van die P.O.S.-sillabus in Algemene Didaktiek lyk dit voldoende indien net die volgende in hierdie verband ingesluit word:²⁾

- 1) Wat is leer?
- 2) Faktore wat die leerhandeling beïnvloed;
 - (a) Leergereedheid.
 - (b) Taal.
 - (c) Ervaring.
 - (d) Opmerksaamheid en konsentrasievermoë.
 - (e) Beloning en bestraffing.
 - (f) Sukses en mislukking.
 - (g) Affektiwiteit.
 - (h) Die kind se leefwêreld.
 - (i) n Tydige ontmoeting met die onderwyser.
 - (j) Voldoende geleentheid vir inoefening.
 - (k) Wedywering.
 - (l) Tydige kritiek en evaluering deur die onderwyser.

-
1. So genoem omdat dit die naam is van die vak wat deur die P.O.S. geneem word. Vgl. bylae B, p. 212.
 2. Hierdie indeling is volgens Van der Stoep & van der Stoep, op. cit., p. 179, e.v.

4.4 Evaluering van die Leerstofordening in die Algemene Metodieksyllabus aan die hand van die kriteria vir Leerstofordening:

Daar bestaan drie moontlikhede van leerstofordening, nl. die logiese leerstofordening,¹⁾ die psigologiese leerstofordening²⁾ en die logies-psigologiese leerstofordening.³⁾

In die sillabus kom die volgende opmerking voor: „Die volgorde van die onderwerpe is nie verpligtend nie. Onderwysers mag die werk in enige volgorde beplan met die voorbehoud dat dit oor die twee jaar moet strek.”⁴⁾ Die onderwysers het dus die verantwoordelikheid tot leerstofordening. Die vraag is egter wat die onervare onderwyser gaan doen. Indien aanvaar word dat n groot persentasie van die onderwysers die sillabus soos hy saamgestel is, gaan volg, moet nou kortliks na die ordening van die sillabus gekyk word.

Die sillabus begin met die omskrywing van basiese begrippe. Dit pas in die struktuur van n vak in om met so n omskrywing te begin. Die sillabus volg verder ook in hooftrekke die logiese ordeningsmetode. Een van die afwykings in hierdie verband is dat l(b), nl. „Tradisionele onderwysmetodes teenoor moderne onderwysmetodiek soos ontwikkel uit tradisionele onderwysmetodes”, nie in die struktuur van die vak op hierdie plek inpas

1. Vgl. 2.4.2, p. 60.

2. Vgl. 2.4.3, p. 63.

3. Vgl. 2.4.4, p. 65.

4. Bylae A, p. 202.

nie. Die sillabus in geheel behoort die moderne benadering te weerspieël en daarom sou dit beter pas om die sillabus met so 'n vergelykende samevatting af te sluit.

Die gedeelte oor „vrae” kom in die sillabus vóór die gedeelte oor „lesse”. Indien eers „lesse” gedoen word, kan dit logies hieruit voortvloei hoe om vrae tydens 'n les te stel, ens.

'n Verdere afwyking van die logiese ordening is dat hulpmiddels as 'n ekstra afdeling gedoen word.¹⁾ Die rede hiervoor is skynbaar omdat die maak van hulpmiddels ook 'n deel van die sillabus is. Soos reeds gestel, behoort die praktiese gedeelte nie in hierdie sillabus te wees nie. Indien dit dan uit die sillabus geneem word, kan die teorie van hulpmiddels elders in die struktuur van die vak inpas.

Die sillabus is dus hoofsaaklik logies georden en nie psigologies of logies-psigologies nie.

4.5 Evaluering van die vorm van die Algemene Metodieksillabus:

Die twee moontlikhede wat in hoofstuk 2 genoem word, is die suiwer inhoudsillabus²⁾ en die sillabus met metodiese aanwysings.³⁾ Die Algemene Metodiek-

1. Vgl. Bylae A, p. 207-209.

2. Vgl. 2.5.2, p. 69.

3. Vgl. 2.5.3, p. 70.

sillabus is 'n suiwer inhoudsillabus met geen aanduiding van hulpmiddels, naslaanwerke, metodiek en 'n voorbeeld van 'n toetsprogram nie. Die sillabus met metodiese aanwysings behoort al bogenoemde te bevat plus 'n aanduiding van die hoeveelheid periodes vir elke onderafdeling. Die Algemene Metodieksillabus bevat wel 'n aanduiding van die hoeveelheid periodes wat aan elke onderafdeling bestee behoort te word.

4.6 Samevatting:

4.6.1 Doelstellings van die Vak.

Die doelstellings soos in die Algemene Metodieksillabus geformuleer, is onvoldoende en behoort met die doelstellings in hoofstuk 3 geformuleer, vervang te word. Nadat die Algemene Metodieksillabus aan die hand van die doelstellings van Didaktiek-onderrig geëvalueer is, is bevind dat die sillabus die student nie 'n insig in die Didaktiek in samehang met die Pedagogiek kan laat verwerf nie. Daarom behoort 'n omskrywing van Didaktiek, in samehang met Pedagogiek, in die sillabus ingesluit te word.

4.6.2 Inhoud van die Sillabus.

Na 'n evaluering van die inhoud van die sillabus, is bevind dat die volgende gedeeltes uit die sillabus gelaat kan word: soorte lesse, die vraag-en-antwoord-metode, die heuristiese metode, die selfwerkzaamheids-metode, werkskemas, voorbereiding en verslag van werk, geprogrammeerde onderrig, die maak van hulpmiddels en ook skryfbordwerk. Die volgende behoort in die sillabus ingevoeg te word: 'n omskrywing van Didaktiek

in samehang met die Pedagogiek; Algemene en Besondere Didaktiek; die verskil tussen Algemene Metodiek en Algemene Didaktiek; onderafdelings by die Didaktiese (leer-) situasie; die aktiwiteits- en individualiseringsmetode; die volgende metodes van leerstofaanbieding: handboek-, speel-, eksperimenterings-, drill-, dramatiserings-, deduktiewe-, en induktiewe-metode; lesbeplanning en lesverloop en ook n afdeling oor leer.

4.6.3 Die Ordening en Vorm van die Sillabus.

Na n evaluering van hierdie twee aspekte is bevind dat die sillabus hoofsaaklik logies georden is en dat dit n suiwer inhoudsillabus is.